

HOOFSTUK X.

DIE VERBAND TUSSEN BAVINCK SE PSIGOLOGIE, SY LEERSTOF
EN METODE VAN ONDERWYS.

1. Die Verband tussen Bavinck se Psigologie en sy
Leerstofbeskouing.

(a) Inleiding.

Nadat Bavinck die doel en die uitgangspunt van die opvoeding behandel het en voordat hy die metode of die weg wat die doel en uitgangspunt met mekaar verbind behandel, skryf hy eers oor die leerstof.¹⁾

Die keuse van die leerstof kan bepaal word deur te let op die waarde van die leerstof of deur te let op die belangstelling van die kind. Laasgenoemde dui dadelik daarop dat Bavinck die psigologie ook as grondslag vir die leerstof wil laat geld.²⁾

Bavinck vermy eensydigheid; en net soos by sy doel en uitgangspunt eersgenoemde die uitgangspunt vooraf gaan omdat dit van groter betekenis is, so gaan hier ook die objektiewe voorop en handel oor wat die leerstof in sy geheel en in verskillende vakke van die metode te sê het. Daarna vra hy na die eise wat deur die kind aan die metode gestel word.⁴⁾ Anders gestel: die keuse van die leerstof word bepaal deur die leerstof self,⁵⁾ of dit word bepaal deur die aanleg, neiginge en belangstelling van die kind.⁶⁾ Die eerste noem hy dan die objektiewe en die ander die subjektiewe gesigspunt.⁷⁾ Die eerste beskou hy as die

-
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 91.
 2. Van der Zweep: De Paedagogiek van Bavinck, 61.
 3. Ibid.
 4. Bavinck: op. cit., 91 - 159.
 5. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 133.
 6. Brederveld: Hoofdlijnen der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 78.
 7. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 91.

beste, terwyl die tweede in rekening gebring kan word by onderdele van die leerstof.

1)
Op tipiese wyse gaan Bavinck eers die geskiedenis na om te sien welke leerstof gebruik is.

(b) Die Leerstof voor die Reformasie.

Voor die reformasie bestaan daar oor die inhoud van die opvoeding (die leerstof) 'n groot mate van ooreenstemming: godsdiens, geskiedenis, natuurkennis en liggaamsoefening was die belangrikste vakke. Daar was egter by verskillende volke groot verskille oor die voorrang wat die vakke moes geniet.²⁾

Die Christendom lê die nadruk op die religieuse element. Die opvoeding was die taak van die ouers (Ef.6:4); dit moes geskied volgens teregwysing en vermaning soos die Here Christus dit geleer en beoefen het, en nie in toorn nie. Daar moet religieuse en etiese deugde gekweek word: heiligheid (1 Thes. 4:3; 1 Petrus 1:16); volmaaktheid soos God volmaak is (Matt. 5:48); veral liefde as band van die volmaaktheid (Kol. 3:14); liefde tot God en die naaste (Matt. 22:37-39, Rom. 13:8, Gal. 5:14, 1 Tim. 1:5) en daarna allerlei deugde as vrug van die Gees (Gal. 5:22; Kol. 3:12; 2 Petrus 1:5-7).³⁾

Die religieuse element het dus die leerstof oorheers. Boeke het daar nie bestaan nie; om te skryf was 'n duur proses en die beroepe het geen teorie vereis nie, omdat 'n mens al doende geleer het. Daar was wel laerskole in die middeleeue maar van volksonderwys kan 'n mens nie eintlik praat nie.

1. Van Klinken: Bavinck's Paedagogische Beginselen, 30.

2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 92.

3. Ibid.

(c) Die Leerstof verlang deur die Hervorming.

Die hervorming het nie volksonderwys in die lewe geroep nie -soos veelal beweerd word- maar het dit tog van verval gered, kragtig bevorder en dit in veel wyer kring uitgebrei.

Die verdienste van die hervorming vir volksonderwys is die volgende:

(i) Dit gee die Bybel in elkeen se hand en werk kragtig mee dat die lees- en skryfkuns algemeen beoefen word. Ook godsdienstonderwys wat na inhoud en wese gereformeerd was, word in 'n nuwe leesmiddel, die kategismus met vrae en antwoorde, aan die mens gegee.¹⁾

(ii) Hierdeur het die gedagtes van die Heilige Skrif in die bewussyn van die volk ingang gevind. Die gewone alledaagse lewe word verryk met 'n skat van hoëre elemente wat daar aan 'n religieus-etiese gewydheid verleen.²⁾

(iii) Die hervorming dring die kerk terug na sy eie terrein en gee aan die gesin, kerk, staat en maatskappy hulle regmatige plek. So kry die laerskool ook ruimte vir beweging en ontwikkeling.³⁾

(iv) Die opvoeding word beskou as die roeping van die ouers.⁴⁾

Die reformasie, wat in wese 'n diep religieuse beweging was, het as sodanig die hele lewe, dus ook die onderwys en opvoeding en dus die leerstof, gereformeer. Dit kom

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 94.

2. Ibid., 95.

3. Ibid., 96.

4. Ibid., 97.

in gedurige opstand teen die vermaterialisering van die Heils-
goedere.¹⁾ Godsdiensonderwys bly die middelpunt van die op-
voeding.

(d) Die Leerstof by die Humanisme en Realisme.

Die humanisme en realisme wat naas die reformasie
optree, het nie alleen 'n eie gedagte oor die doel en uitgangs-
punt by die onderwys nie, maar het ook 'n eie beskouing oor
die leerstof.²⁾ Die humanisme keer na die klassieke terug
en soek daarin die opvoedingsideaal³⁾ en leerstof.

Die rasionalisme tree op teenoor die reformasie
en die humanisme en plaas beide voete in die hede;⁴⁾ daarby
ag dit die stof wat die hede bied, as voldoende. Die rea-
listiese rigting verower die terrein al hoe meer.

Die realisme se sterk ontwikkeling het 'n drietal
verskynsels vertoon. Eerstens word die godsdienselement al
meer en meer uit die opvoeding weggestoot. Die aarde dring
die hemel, die tyd die ewigheid en die sienlike die onsienlike
dinge op die agtergrond. In die huisgesin en in die skool
word godsdiensonderwys⁵⁾ verwaarloos.

Die tweede verskynsel is die stryd tussen humanisme
en realisme. Hulle kom wel daarin ooreen dat beide die mens
tot middelpunt en maatstaf van die opvoeding maak. Maar by
die humanisme was hierdie mens 'n redelik-sedelike wese en
daarom soek dit na ideale geestelike goedere wat in die oud-

-
1. Bavinck: Wijsbegeerte der Openbaring, 3.
 2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 97.
 3. Brederveld: Hoofdlijnen der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 55.
 4. a. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 98;
b. Bavinck: Opvoeding der Rijpere Jeugd, 35;
c. Van der Zweep: De Paedagogiek van Bavinck, 62.
 5. Bavinck: Opvoeding der Rijpere Jeugd, 35.

heid opgespoor moes word; daarom steun die woord, die taal, die gees, die literatuur, die kuns, die filosofie die leerstof. Hierteenoor staan die realisme wat met die verlede breek; die hede moet geken en beheers word. Daarom moet die leerstof bestaan uit: rekenkunde en meetkunde, natuurkunde en aardrykskunde, kennis van kultuur en ekonomie, teken,¹⁾ handwerk en kuns.

In die derde plek het baie nie bly staan by die realisme wat aan die studie groot waarde heg nie, maar soek hulle heil in die oefening van die liggaam: gimnastiek en sport is die toegangspoort tot geluk. Die gedagte was dat goeie liggaamlike welstand ook goeie vrugte op geestelike gebied sal meebring.²⁾

Oor die inhoud van die onderwys en opvoeding loop die moderne pedagoëse gedagtes ver uitmekaar.

(e) Bavinck se Besware teen Oorlading en die Verlange na Konsentrasie.

In die middeleeue en in die tyd van die reformasie was al die vakke van die onderwys innerlik deur die teologiese element verbind en georganiseerd: dit vorm die sentrum waaromheen die ander vakke in 'n nouer of wyer kring gegroeper moet word.³⁾

Hier bemerk ons weer Bavinck se eenheidsgedagte⁴⁾ soos in sy psigologie uitgebeeld is deurdat hy die stelsel onderskryf.

Die aantal leervakke neem in die moderne tyd onrus-

-
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 102.
 2. Ibid., 103.
 3. Ibid., 104.
 4. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 235.

barend toe, en daar is geen sentrale punt meer nie. Almal kla reeds oor die onvrugbaarheid van die arbeid en oorlading van die hersens. Dit is alles die gevolg van die moderne pedagogiek wat die kind as maatstaf van die opvoeding sien en net vra welke vakke van nut is. Die een kies die een vak en die ander weer 'n ander vak, na gelang dit as die nuttigste beskou word. Die konsekwensie van die nuttigheidsideaal is altyd individualisme en egoïsme. Bavinck beweer dat as een of ander vader meen dat liggaamsoefening beter vir sy kind is as die vorming van die gees; dat spierkrag voorkeur bo die ontwikkeling van die hersens verdien of dat boks beter is as lees en skryf of dat brutaliteit dit verder bring as ootmoed en beskeidenheid, dan staan elkeen wat die nuttigheidsstand-¹⁾ punt inneem, magteloos teenoor so 'n vader.

(f) Welke Leerstof eis die Christelike Opvoeding?

Bavinck stel die Christelike standpunt teenoor die ander standpunte. Die Christendom neem 'n prinsipieel ander standpunt in wat nie alleen die teenoorgestelde is nie, maar ook die enigste is om aan die pedagogiek 'n ander en vaste grondslag te verleen.

Socrates, Plato en Aristoteles het wel teenoor die subjektiwisme van die sofistiek vastigheid gesoek, maar die ideewêreld was te abstrak om op die duur geloof te wek; die Atheners bestee hulle tyd daaraan om iets nuuts te hoor; soos Pilatus het hulle twyfelend gevra wat die waarheid is. Die waarheid is deur die Skrif gegee in die woorde: „bewaar jou pand en vermy die onheilige, onsinnige praatjies en teëwerpinge van valslik sogenaamde kennis”.²⁾ Hierdie waarheid is 'n middel tot opvoeding,³⁾ maar daar is ook die inhoud:

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 105.

2. 1 Tim. 6:20.

3. Bavinck: op. cit., 106.

„Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot wederlegging, tot tereg wysing, tot onderwysing in die geregtigheid.“¹⁾ God skenk aan ons Sy Woord, sodat dit ons kan vorm, maar ook sodat ons daarin kan groei en in die genade en kennis van Christus kan opgroei.

Die seën van die Christelike geloof brei egter nog verder uit. Die Christelike religie het hom in verbinding gestel met die hele mens, met wat hy ken en kan; dit het alles geassimileer en het daardeur die leerstof tot een organiese geheel verbind.²⁾ Die onderwysstof, as dit 'n organiese geheel vorm, word self 'n middel tot vorming -ook materiaal wat die mens opvoed- maar dit is ook 'n waarheid wat aan die mens gebring word. Want die wetenskap het waarheid nodig wat onveranderlik is as grondslag vir die ontdekking van ander waarhede.³⁾

Die organiese eenheid van die leerstof moet solank as moontlik bewaar bly.

Volgens Bavinck se psigologie is die mens 'n eenheid; daarom moet die onderwysstof ook tot 'n organiese eenheid verbind word. Hierin sien ons weer die verband tussen sy psigologie en sy leerstofbeskouing.

(g) Rangskikking van die Leervakke.

Hoewel die leerstof 'n organiese geheel moet vorm, is dit ook nodig dat die vakke gerangskik moet word. Bavinck wys daarop dat daar ten alle tye behoefte aan 'n indeling van vakke by die onderwys was.⁴⁾

1. 2 Tim. 3:16.

2. a.Sien Brederveld: Hoofddlyne der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 58.

b.Van der Zweep: De Paedagogiek van Bavinck, 62.

3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 107.

4. Ibid.

In die middelpunt van alle leerstof staan die godsdiensonderwys, waaromheen die taalkunde en daarna die natuurkundige vakke gegroeper word. Die mens moet die kultuur bestudeer omdat hy geen vyand daarvan is nie.¹⁾

Uitgaande van die organiese opvatting gee Bavinck dan aan godsdiensonderwys nie alleen die eerste en vernaamste plek nie,²⁾ maar hy wys op twee gevare: die uitrekking van bepaalde ure alleen vir godsdiensonderwys terwyl daar in die res van die vakke niks van bemerk word nie, en tweedens om die hele onderwys te laat opgaan deur die leerstof, of dit pas of nie pas nie, aan die Bybel te ontleen. „Bij het godsdiensonderwys komt het nog meer op de qualiteit dan op de quantiteit aan.”³⁾ Die waarde lê nie in die aantal ure wat aan godsdiensonderwys bestee word nie, maar wel daarin dat dit met hoë erns onderrig word, dat die leerlinge onder die indruk van God se majesteit kom en dat dit daardeur die hele onderwys en alle werk van die onderwyser en leerling besiel en heilig..

Om die sentrum van die godsdiensonderwys heen wil Bavinck eers die taalkundige en daarna die natuurkundige vakke groepeer.⁴⁾ Hiermee wil hy nie aan laasgenoemde vakke 'n minderwaardige plek toesê nie, maar hy wil dat hulle hierdeur tot volle reg kom. Van die objektiewe standpunt besien, meen Bavinck dat daar geen twyfel bestaan dat taal en geskiedenis belangriker as rekenkunde en natuurkunde is nie.

„De Ziel is meer waard dan het lichaam, de geest is edeler dan de stof, de mensch belangrijker dan de natuur en de ideale goederen zijn rijker schatten, dan die, welke gemeten en gewogen, geteld en berekend kunnen worden.”⁵⁾

-
1. Bavinck: Magnalia Dei, 476.
 2. Bavinck: Opvoeding der Rijpere Jeugd, 145.
 3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 109.
 4. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 126.
 5. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 109.

Ons bemerk dus hier dadelik die sielkundige motief van Bavinck: sy leerstof en leervakke word so ingedeel dat die laerskoolkind bekend raak met die inhoud en waarhede van die godsdiens, sodat die godsdienstig-sedelike opvoeding met die puberteitsjare verinnerlik en vasgelê kan word. Deur ware kennis van God en Sy Woord sal die stryd en twyfel by die ryper jeug ook veel minder wees.¹⁾

Bavinck gaan verder om sy eenheid te bewaar deur te sê dat daar geen rede is om eensydig te kies tussen die klassieke en moderne tale, tussen die gimnasium en die hoëre Burgerskool nie. Beide is nodig. Ook die hoëre Burgerskool kan as toegangspoort tot wetenskaplike studie nie gemis word nie. Maar as die enigste norm mag die leerstof ook nie geld nie: die verskillende vakke is nodig. Want soos die saligheid uit die Jode voortgekom het, so het God die grondslae van ons kultuur in Griekeland en Rome gelê.²⁾

As die studie van moderne tale, natuur en kultuur van die Christendom losgemaak word, sal dit die eenheid van die mensdom nog meer ondermyn.

Bavinck vra verder hoe dit met handarbeid en liggaamsoefening gesteld is. Beide is nie in stryd met die Christelike standpunt nie maar word daardeur bevorder. Die Christendom alleen gee die juiste beskouing van die liggaam, naamlik dat dit net soos die siel tot die wese van die mens behoort.⁴⁾ Die liggaam is egter in diens van die gees, daardeur word die plek bepaal wat liggaamlike opvoeding onder die ander vakke moet inneem. Dit is dus vanselfsprekend dat oordrywing soos dit soms op die gebied van sport voorval, afge-

1. Bavinck: Opvoeding der Rijpere Jeugd, 156.

2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 110.

3. Bavinck: Magnalia Dei, 195.

4. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 22 - 30.

keur moet word.

(h) Wat mag ons die Kind leer.

As Bavinck verder ingaan op ander leerstof wat die kind aangebied moet word, val hy eers, uit die standpunt van sy psigologie, die beginsel aan dat aan 'n kind alleen dinge geleer moet word waarvan hy kennis dra.¹⁾ Ook beskou hy dit as onjuis dat 'n mens nie aan 'n kind dinge onderwys wat hy nie verstaan nie. As hierdie reël gevolg moet word, sou die moeder haar kind nie mag leer praat, sing en bid nie, omdat die klein kind daar niks van weet nie.

Dit is vir hom vanselfsprekend dat die leerstof in ingewikkeldheid sal toeneem.

Die stelling dat die kind niks mag leer wat hy nie verstaan nie, is ook gemak teen die van buite leer van dinge en teen die godsdiens en dogma. Dit is egter onsielkundig omdat die kind juis in sy skooljare behalwe by sy verbeelding, sy sterkste ontwikkeling ten opsigte van die geheue toon.³⁾ Dit gaan die ontwikkeling van die verstand en rede vooraf. Die geheue is die grondslag van die mens se geestelike ontwikkeling; dit verbind die hede met die verlede waardeur die eenheid en kontinuïteit van ons lewe en denke gehandhaaf word.⁴⁾ Die moderne pedagogiek handel in stryd met hierdie psigologiese gegewens deur leerstof waarvan die kind reeds 'n begrip het, te wil kies. Die gevolg is dat die pedagogiek op latere leeftyd 'n vaste fondament mis en dat die jeug nie alleen vae indrukke het en ten slotte weinig soliede vaste kennis het nie, maar ook die rigting verloor.

1. Bavinck: Beginnselen der Psychologie, 149.

2. Ibid., 103 - 104.

3. Ibid.

4. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 198.

Vroeër is daar gewis deur die leerstof te veel van die geheue geëis: dit kan oordryf word. Tog het die ou onderwysmetode met 'n gesonde psigologie rekening gehou: dit het die geheue geoefen in die tyd waarin dit die gouste en gemaklikste opneem. Later beskik die geheue dan oor materiaal waarmee dit kan werk, naamlik feitemateriaal. Die geskiedenis wys dan ook dat die persone wat so opgelei is, deur die opneem van leerstof in die geheue, karaktersterkte, wilskrag, rigting in die lewe en vastheid in gang getoon het: hulle het geweet wat hul wil en gewil wat hul moes.¹⁾

Die vastheid van wil het sy oorsaak by die vorige geslag ook daarin dat die leerstof ingesluit het: tekste, psalmversies, Bybelgeskiedenis en kategismus wat van buite geleer is. Dit gee aan die kind 'n heldere besef van godsdiens en sedelikheid, wat weer op sy beurt die kind in sy latere lewe op die regte weg hou.

(i) Die Kind en die Leerstof.

In die inleiding van hierdie hoofstuk het ons melding gemaak van die tweërlei gesigspunte by Bavinck. Die vraag welke eise vir die leerstof geld wat Bavinck as die belangrikste beskou, het ons reeds behandel en in 'n groot mate in teenstelling met die tweede gesigspunt. Tans let ons op die tweede gesigspunt, naamlik: welke eise aan die leerstof gestel word uit die eienaardige karakter van die leerling.

Elke kind het nie alleen 'n eie aanleg nie maar elk deurloop 'n bepaalde ontwikkelingsgang. Daarom het die kind ook telkens ander behandeling nodig en moet die leerstof ooreenkomstig die psigologiese ontwikkeling van die kind bepaal word. Die kind het reeds sy voorstellingswêreld wanneer hy op skool kom.²⁾ Hiermee moet rekening gehou word. Dit is

1. Bavinck: *Beginnselen der Psychologie*, 150.

2. *Ibid.*, 94 - 103.

egter ook nodig om met die aanleg van ander kinders rekening te hou sowel as met die besondere aanleg van die individu. Verder is dit nodig om by die leerstofbepaling rekening te hou met die geestelike en liggaamlike ontwikkelings stadium van die kind. Ook is dit nodig dat die bestemming, waartoe die kind opgevoed moet word, in aanmerking kom.¹⁾

Dit is makliker om hierdie eise aan die leerstof te noem as om daar voldoende rekening mee te hou. Tog moet die leerplan en leergang dit soveel moontlik in harmonie bring.

|| (j) Opmerking:

Die verdienste vir Bavinck se leerstofbeskouing is dat dit 'n „einheitliche" lewens- en wêreldbeskouing lewer wat sy middelpunt in die geloof en teologie het en gevolglik die godsdiens as grondslag vir alle opvoeding daarstel. Ons mis egter in sy leerstofbehandeling 'n keuse met die oog op die kind se bewussynsontwikkeling en ook leerstof wat die self-werksaamheid en belangstelling van die kind prikkel.²⁾

| Die twee standpunte wat Bavinck teenoor mekaar stel, naamlik dat die keuse van die leerstof deur die leerstof self bepaal word, en aan die ander kant deur die aanleg, neiginge en belangstelling van die kind, kom nooit so sterk in teenstelling nie. Niemand sal net met die neiginge van die kind rekening hou nie, maar sal wel deur die neiginge aan die kind probeer leer wat vir hom van waarde is. Ook sal niemand gedurig kan aanknoop by leerstof wat geen aanknopingspunt by die kind se belangstelling vind nie, selfs al is die stof ook hoe belangrik.³⁾

Hierdie twee standpunte staan ook nie so skerp teen-

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 118.

2. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 176.

3. Brederveld: Hoofdlijnen der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 79.

oor mekaar nie, want wat werklik waardevol is, is ook in ooreenstemming met die diepste van die menslike natuur, daarom is dit nodig dat die keuse van die leerstof bepaal word deur die leerstof self en deur die neiginge, aanleg en belangstelling van die kind.

(k) Samevatting.

(i) By sy leerstofbeskouing noem Bavinck twee standpunte wat teenoormekaar staan ten opsigte van die leerstof.

a. die keuse van die leerstof word bepaal deur die leerstof self, en

b. die keuse van die leerstof word bepaal deur die aanleg, neiginge en belangstelling van die kind.

(ii) By (a) moet rekening gehou word met die organiese eenheid van die stof, die verwantskap tussen vakke, die omvang en aard van die vakke en die geleidelike volgorde in die onderwys van die vakke. Die godsdiensonderwys bly die sentrale leerstof.

(iii) By (b) hou Bavinck rekening met die kind se voorstellingswêreld, sy aanleg, sy individualiteit en omstandighede, sy liggaamlike en geestelike ontwikkelings stadium en die rigting waarin die kind opgelei moet word.

(iv) Ooreenkomstig sy psigologie, naamlik dat die mens 'n eenheid vorm en as sodanig opgevoed moet word, wil Bavinck sy leerstof as organiese eenheid organiseer en die eenheid so lank as moontlik bewaar.

(v) Die godsdienstig-sedelike opvoeding wil hy by die kind vaslê, veral in die puberteitsjare.

(vi) Die opvatting dat die kind dinge geleer moet word waarvan hy reeds 'n begrip het, word deur Bavinck om sielkundige redes bestry: die kind se geheue ontwikkel sterk en moet

ge oefen word deur aan hom leerstof te gee wat hy ook kan memoriseer selfs al is daar nie 'n bekende aanknopingspunt nie.

(vii) As die leerstof by die kind se eise aangepas word, is die psigologie van besondere betekenis, want dit moet aan ons die eise van die kind openbaar.

(viii) Bavinck se psigologie het ook vir sy leerstofbeskouing groot waarde.

(ix) Bavinck het die twee standpunte ten onregte teenoor mekaar gestel, omdat die keuse van die leerstof deur beide die leerstof en die kind se belangstelling bepaal word.

2. Die Verband tussen Bavinck se Psigologie en sy Metode van Onderwys.

(a) Inleiding.

Nadat ons die doelstelling, uitgangspunt en leerstofbeskouinge van Bavinck behandel het, wil ons op die weg of metode let waarmee die doel en uitgangspunt met mekaar verbind word. Ons sal ook aantoon wat die betekenis van Bavinck se psigologie vir sy metode van onderwys is.¹⁾

(b) Wat Is Metode?

Metode is volgens Bavinck die weg wat die opvoeder moet volg by die verbinding van die uitgangspunt met die doel. Aangesien 'n weg altyd 'n verbinding van twee punte is en dus ook na twee rigtings bewandel word (van die uitgangspunt na die doel en terug van die doel na die uitgangspunt), is daar dan ook altyd twee metodes: die analitiese en die sintetiese, die induktiewe en die deduktiewe, die subjektiewe en die objektiewe.⁽²⁾

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 212 - 213.

2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 91.

Hierdie twee metodes kom beide in aanmerking by die opvoeding. Daar kan gevra word watter metode deur die doelstelling deur die inhoud van die opvoeding vereis word; aan die ander kant kan ons vra welke metode die subjek (die kind), wat opgevoed moet word, vereis.¹⁾

Net soos in ander wetenskappe gebruik die pedagogiek nie alleen die sintetiese (deduktiewe, objektiewe) metode alleen nie maar ook die analitiese (induktiewe, subjektiewe) metode. Beide het reg van bestaan omdat beide by die doel die uitgangspunt en by die uitgangspunt die doel in die oog hou.²⁾

Die kombinasie van subjektiewe en objektiewe gegewens maak dit moontlik om die faktore wat by die vasstelling van 'n leerplan in aanmerking kom, na waarde te skat. Wie eensydig op die leerstof let, misken die kind se regte en wie weer eensydig met die kind rekening hou, doen aan die eise van die leerstof te kort.

Met die bogenoemde bedoel Bavinck eintlik die algemene metodiek.³⁾ Ons mis by hom afsonderlike bespreking van enkele metodiese beginsels of leermiddels of leertoone.⁴⁾

(c) Verskillende Leervorme.

Bavinck gebruik nie die woord leervorme nie maar metode,⁵⁾ 'n woord wat hy gebruik vir die algemene en besondere metodes.

As ons rekening hou met die organiese eenheid sowel as met die onderlinge verskeidenheid van die onderwysvakke, vra elke vak 'n eie metode. Volgens een metode kan alle vakke nie behandel word nie.⁶⁾

-
1. Bavinck: Opvoeding der Rijpere Jeugd, 214.
 2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 92.
 3. Van Klinken: Bavinck's Paedagogische Beginselen, 34.
 4. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 28.
 5. a. Sien Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 176.
b. Van Klinken: Bavinck's Paedagogische Beginselen, 34.
c. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 29 en 112.
d. Rombouts: Prof. Dr. Bavinck, 34.
 6. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 212 e.v.

Hy onderskei drie metodes. (Die terminologie is die van Bavinck):

(i) Deïktiese Metode.

Daar is eerstens die deïktiese metode, waardeur die onderwyser dinge wat hy met die leerlinge wens te behandel, aan hulle toon of deur prente aan hulle vertoon of dit voor-¹⁾sê, voorskryf, voorteken of voordoen.

(ii) Die Akroamatiese Metode,²⁾ waarvoor Bavinck 'n besondere voorliefde toon, is die metode waarby die onderwyser spreek, beskryf, vergelyk, ophelder, dikteer of voorlees terwyl die leerlinge luister.³⁾

(iii) Die Eromatiese Metode is 'n derde metode wat Bavinck noem. Die onderwyser stel die vrae terwyl die leerlinge antwoord. Hierdie metode kan dan eksaminatories wees as dit ten doel het om te weet wat die kind ken; dit kan heuristies of socraties wees as 'n mens deur die vrae die kind prikkel om self die antwoord te vind; of dit kan dialogies wees as die onderwyser en leerling om die beurt vra en antwoord; en dit kan kategeties wees wanneer die eromatiese metode verbind word met die akroamatiese en die vrae hulle by 'n teks aansluit.⁴⁾

Die heuristiese of selfsoekende metode word deur sommige pedagoë bo ander metodes gestel. Bavinck erken die betreklike waarde daarvan vir rekenkunde en meetkunde, maar hy ag die woord, dus die mededelende leervorm, as volstrek onmisbaar.⁵⁾

-
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 112.
 2. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 176.
 3. Bavinck: a. Paedagogische Beginselen, 113.
b. De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 214.
 4. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 113.
 5. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 218.

(d) Die Deïktiese Metode.

Vir die deïktiese metode, waarby die aanskouings-
onderwysbeginsel die didaktiese troetelkind is, koester Bavinck
geen liefde nie, hoeseer die moderne pedagoë ook al daarmee
dweep.

Reeds Comenius het in die sewentiende eeu geëis
dat die aanvangsonderwys ook aanskouingsonderwys moet wees.
Pestalozzi het die aanskouing om sy formele waarde tot prinsipi
pe en grondslag van alle onderwys verhef. In die Nederlande
was dit veral Rijkens wat die beginsel altyd en oral wou toe-
pas. Hy meen dat niks op gesag aangeneem moet word nie.

Bavinck kom later weer op die onderwerp terug, maar
kom voorlopig tot die besluit dat aanskouing in die sin van
waarneming met die oog by die onderwys gewigtige dienste lewer;
maar as beginsel, uitgangspunt en fundament van alle onderwys
kan dit nie geld nie. Veeleer is 'n metode vir elke vak na
die aard van die vak nodig.¹⁾

(e) Die Metode en die Kind.

Bavinck het reeds vroeër gemeld dat daar twee ge-
sigspunte by die metodebepaling in aanmerking kom. Die eerste
word bepaal deur die leerstof; maar daar is 'n tweede ge-
sigspunt, naamlik die wat die metode aanpas by die eienaardige
karakter van die kind.²⁾ Elke kind het nie alleen 'n eie
aanleg nie maar deurloop 'n ontwikkelingsgang wat dit nodig
maak dat die kind telkens 'n ander behandeling moet geniet.

Die psigologie gee ons 'n insig in die aard en be-
hoefte van die leerling by sy verskillende ontwikkelingsstadia;
daarom kan die metode daarby aangepas word.

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 117.

2. Bavinck: a. De Nieuwe Opvoeding, 61.
b. De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 219.

Vroeër het alle onderwys op twee suile gerus: outoriteit en piëteit. Hieruit vloei voort dat die onderwyser die uitdeler en die leerling die ontvanger van geestesgoedere was. Die woordmetode het as vernaamste metode gegeld. Die stof moes hier eers in die geheue opgeneem en daarna deur die verstand verwerk word.

Die onderwys was nie soos dit tans in die smaak sal val nie, maar dit het karakters gekweek. Tans stel ons daarteenoor klagtes, onenigheid en hersiening op hersiening. Die pedagoë is dit oor byna geen enkele punt eens wat betref die metodes nie.¹⁾

Die reform-pedagoë is besonder ontevrede oor die ou metodes; daarom moet dit radikaal afgebreek en deur nuwes vervang word. Veral die volgende drie uitgangspunte word beklemtoon: Eerstens moet daar geen outoriteit by die onderwyser en geen gesag meer oor die kind wees nie.²⁾ Die kind wat alle regte en geen pligte het nie, moet die eie belangstelling, opvoeding en onderwys ontvang: alles kom in diens van sy vrye selfstandige ontwikkeling. Tweedens moet weggedoen word met die woordmetode: selfsoek, self vind en self oordeel is die ideaal. Daar word nie meer gevra wat die kind moet leer nie, maar wel wat met die kind se aard ooreenkom omdat hy sy aard in homself omdra. Derdens is die wekroep: geen tug meer nie, geen dwang nie, laat die kind self groei.³⁾ Hoogstens word leiding verskaf. Op sy tipies polemiese wyse sê Bavinck:

„Plaats het kind maar in eene schoone, vriendelijke, omgeving, in een ideaal gezin, in gezonde met bloemen versierde, doortuinen omringde schoollokalen, verschaft er licht, lucht, ruimte, vrijheid van beweging, voeding, kleding,

-
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 120.
 2. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 179.
 3. Bavinck: op. cit., 121.

schoeisel, mediese verzorging, een bad- en zweminrichting aan, en ieder kind groeit op tot een prachtexemplaar van een mensch! "1)

(f) Die Goeie in die Nuwe Opvoeding.

Bavinck wat altyd die goeie in sake sien, ²⁾ selfs indien hy prinsipiëel daaroor verskil, spreek sy waardering uit en steun die goeie in die nieu-modiese opvoedingsmetode en -teorie. Die lot van die verwaarloosde kinders word verlig en deur sielkundige kennis van die kind en sy eienaardighede word meer nadruk op die „Bildung" en minder op verstandelike ontwikkeling gelê. Indiwiduele aanleg, besondere gawes en kragte en eie inisiatief kry geleentheid tot ontwikkeling. Dit alles is lofwaardig. Die beginsels egter, waardeur die reform-pedagogiek gelei word, is vir Bavinck ten ³⁾ enemale verwerplik. Bavinck se verdere besware oor die gesag behandel ons in hoofstuk XI.

(g) Bavinck se Besware teen die Gesigsaanskouing van die Reform-pedagoë.

By die metode van onderwys van die moderne pedagogiek is die eerste fout dat die gesag verwerp word. Hierop volg die tweede, naamlik, dat die onderwyser aan die kind geen enkele waarheid durf opdring nie; hy mag nie eis dat die kind op gesag glo nie: die kind moet self sien, ondersoek en beoordeel. Hierdie eis vind sy formulering daarin dat die woordmetode deur die aanskouing vervang is.

Bavinck bestry uitvoerig die aanskouingsonderwys. ⁴⁾ Hierdie beskouing van hom berus egter op 'n misverstand, naamlik dat die moderne pedagogiek met aanskouing altyd of veral aanskouing met die oog bedoel. Die beginsel is immers dat

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 122.

2. Van Klinken: Bavinck's Paedagogische Beginselen, 35.

3. Bavinck: op. cit., 123.

4. Ibid., 127 - 134.

die kind soveel moontlik dinge waarneem deur elke of enige sintuig. Om die dinge so goed moontlik waar te neem is dit ook nodig om daaroor te praat, sodat die kind 'n voorstelling van die saak kan kry. Ons sal aantoon dat Bavinck hiermee eens is mits die saak so gestel word dat die kind aanneem wat die onderwyser sê; maar om dit beter te verstaan, word die voorwerp aan hom getoon. Dit moet vir Bavinck nie wees dat kinders dinge nie glo voordat hulle dit nie gesien het nie.¹⁾

Die volgende wys juis daarop dat Bavinck se beoordeling van die aanskouing op 'n misverstand berus.

(h) Waarneming met alle Sintuie is vir Bavinck die Begin van Kennis van die Verstand.

Wat die moderne pedagogiek van die aanskouing met die oog beweert, is vir Bavinck volkome juis as dit van die sinlike waarneming in die algemeen gesê word. Nie net die gesigswaarneming nie maar die waarneming deur die sintuie in die algemeen is die uitgangspunt van alle onderwys en die fondament van alle kennis en wetenskap. Die Griekse wysgere en die Christelike teoloë en filosowe het te alle tye hierdie waarheid aanvaar: alle kennis van die verstand begin met die sinlike waarneming.²⁾

Om sy stelling toe te lig, gee Bavinck die volgende:

(i) Hierdie stelling keer hom teen almal wat beweert dat die menslike gees in staat is om kennis wat hy geheel en al met eie middele uit homself voortbring te verwerf. Dit kom daarmee ooreen dat die mens sy oë moet oopmaak en sy ore moet ontsluit om tot kennis te kom.³⁾

-
- 1.a. Sien Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 37 - 39.
 - b. Brederveld: Hoofdlijnen der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 63.
 - c. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 176 - 177.
 2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 134.
 3. Ibid., 135.

(ii) Die stelling keer hom ook teen die empirisisme en sensualisme wat kennis in die sinlike waarneming laat opgaan. Hoe noodwendig die sinlike waarneming ook is, is dit nog geen kennis nie. Dit word eers kennis as die algemene, die wese, die idee en die wet daarin opgespoor en verstaan word.

(iii) Die verstand wat nie deur die werklikheid weggestoot word nie maar daar dieper deurdring, is die orgaan van kennis en nie die sintuiglike waarneming nie.

(iv) Dat die verstand op hierdie wyse die werklike kennis kan verwerf, vind sy grond daarin dat subjek en objek deur een en dieselfde Logos geskape is (Joh. 1:3) en dus verwant is aan mekaar. Die werklikheid rus in die gedagte en dit word deur die denke opgespoor.

(v) Hiertoe is dit nodig dat die verstand met norme toegerus is en dat die verstand in sy dink-werksaamheid deur norme gelei word.

(vi) Hierdie norme van denke lei ons onbewus en kom in die lewe self tot bewussyn. Wat van buite aan ons geopenbaar word, vind binne ons weerklank. „De openbaring Gods buiten ons onderstelt een openbaring Gods in ons.”

(vii) Die mens se waarneming is egter nie alleen gebrekkig nie, maar vals en verdorwe, omdat hy van nature die norme van dink en wil en van die religieuse en etiese lewe nie ken nie.¹⁾ En nog minder rig die mens sy lewe daarna in.

(viii) Daarom het God in Sy genade aan ons in Sy wet die juiste norm leer ken en in sy Evangelie die weg aangewys, waardeur die skeidende teenstelling in ons bestaan weer weg-geneem kan word. Daaruit word ons verhouding tot die medemens

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 135 - 137.

en tot die wêreld gereël.¹⁾

(i) Betekenis van die Sintuïglike Waarneming.

Na hierdie algemene toeligting van Bavinck gee hy antwoord op die vraag wat die sinlike waarneming vir die onderwys beteken.

Alle sintuie bring ons met die sinlik-waarneembare wêreld in aanraking en laat ons dit ken van 'n besondere sy: elke sintuig dra op sy wyse en ooreenkomstig sy aard tot kennis van die wêreld by.²⁾ Daar is dan ook geen beswaar om die sintuie te oefen nie, maar dit hoef nie opsetlik gedoen te word nie.

Die oog word genoegsaam geoefen by gewone vakke soos lees, teken en ander onderwys. Aanskoulike onderwys, nie alleen in die algemene sin, naamlik dat alle onderwys konkreet en lewendig moet wees nie, maar ook in die besondere sin, naamlik deur voorwerpe, plate en kaarte te gebruik vir opheldering van die leerstof, het volgens Bavinck ongetwyfeld 'n reg van bestaan.³⁾

Die vraag ontstaan egter ook wat die belangrikste by die onderwys is: die oog of die oor, die saak of die woord,⁴⁾ die aanskouing of die geloof.

Hier heers daar volgens Brederveld onigsins verwarring by Bavinck.⁵⁾ Die oor is in die eerste instansie nie bedoel as sintuig nie maar as opnemer van die taal se simbole, waarvoor byvoorbeeld by doofstommes nie die gehoor nie maar die gesig dien. Hoewel prakties van belang, is die teen-

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 137.

2. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 72.

3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 138.

4. Ibid., 139.

5. Brederveld: Hoofdlijnen der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 65.

stelling oog-oor en bykomstigheid.

As vir Bavinck, soos reeds vroeër beweer, die religie die sentrale vak by die onderwys is, en as daaromheen die geesteswetenskaplike vakke groepeer en hulle weer deur natuurkennis aangevul word, dan is die woord die vernaamste onderwysmiddel. By godsdienst, geskiedenis, letterkunde, ensovoorts, is onderwys sonder die woord ondenkbaar: dit kan egter deur beelde en andersins verder verduidelik word.¹⁾ Die woordmetode bly vir Bavinck die vernaamste metode.²⁾

(j) Die Aanskouing en die Kind.

Bavinck benader die aanskouing deur die kind vanuit sy psigologiese standpunt. Die subjektiewe weg kan gevolg word deur te vra watter moontlikhede die mens ons bied: die vraag is of die kind in sy ontwikkeling aan ons gegronde redes gee om 'n duidelike keuse te doen tussen die metode van die woord of voorwerp of aanskouing. Dit skyn asof die kind in die periode van sy geboorte tot die tydperk waarop hy selfbewus word hoofsaaklik deur aanskouing deur die oog leer. In die beginstadium voer die kind uitsluitlik 'n vegetatiewe lewe: die hele liggaam en die sinne word fisies gesterk tot hulle taak as organe wat geskik en bekwaam gemaak word vir die latere lewe. Gelyktydig egter met die fisiese aansterking van die organiese, ontwaak ook die sinlike lewe: die lewe van waarneming deur laer en hoër sinne.³⁾

Die verstandelike lewe is nog oorwegend passief en

-
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 139.
 - 2.a. Brederveld: Hoofdlijnen der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 65.
 - b. Van Klinken: De Paedagogiek van Bavinck, 64.
 - c. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 39.
 - d. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 177.
 3. Bavinck: op. cit., 140.

reseptief; dit sluimer nog. Daarom is die kind se reaksie op indrukke nog swak. Die kind kry egter voorstellinge van die klein wêreld om hom.¹⁾ Die kind leer die wêreld ken hoofsaaklik deur die aanskouing met die oog. Daarom kan hierdie periode inderdaad die periode van aanskouing genoem word.²⁾

Hierdie periode van aanskouing moet voorafgaan omdat dit aan die mens materiaal vir alle latere geesteswerkzaamheid verskaf. Op hierdie periode bou die mens voort tot sy gryse ouderdom.

Uit die kind se denke en spreke blyk sy ryk verbeeldingskrag. Die meeste geestelike gedagtes bestaan vir hom in aanskouingsvorm; daarom stel hy God, engele, hel en hemel op aardse wyse voor. Die aanskouingslewe van die kind is 'n vasstaande feit. Dit is egter onjuis om te beweer dat die meeste van die voorstellinge by kinders uit die aanskouing met die oog ontstaan.³⁾ Net so min as die dier 'n mens word, net so min verhef die sinlike aanskouing sigself deur eie krag tot verstand of die voorstelling tot begrip.⁴⁾ Die kind verkry nie al sy voorstellinge uit eie aanskouing nie, want eerstens is die aanskouing van die gees reeds van die begin af aktief werkzaam; tweedens hou 'n mens wel in die oog dat die kind in die eerste periode ook voorstellinge ontvang deur die woorde wat ander spreek, veral deur die moeder se woord.

Die moeder vertel in aanskoulike beelde allerlei dinge wat buite die kind se omgewing voorkom en wat hy dus nie met die oog kan waarneem nie. Sy vertel van God en van Jesus, van die hemel en hel, van engele en afgestorwenes, van familie

-
1. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 98.
 2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 141.
 3. Ibid., 142.
 4. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 109.

en vriende, van werklikhede en verdigsels, van goed en kwaad, van mooi en lelik. Die materiaal wat sy gebruik, is wel aan die kind se voorstellingswêreld ontleen, maar die verbinding daarvan is heeltomal nuut.¹⁾

As die kind egter die skoolgaande ouderdom bereik, lê die swaartepunt nie meer by aanskouing met die oog nie, hoewel die aanskouing sy waarde vir die mens sy lewe lank behoue bly. Tans moet aansluiting by die kind se voorstellingswêreld gesoek word. Die onderwyser soek voorstellingsmateriaal om 'n nuwe wêreld vir die kind se bewussyn te ontsluit. Lees, skryf en reken lei die kind reeds in so 'n nuwe voorstellingswêreld in. Taal, geskiedenis en aardrykskunde doen dit nog veel meer. Hieruit wil Bavinck nie aflei dat die eintlike onderwys deur stomme beelde en prente moet geskied nie. Die onderwys het van natuur die woord tot sy draer en kan alleen deur middel van die woord versterk word. Onderwys is altyd mededeling van gedagtes en die oorbrengring van voorstellinge uit die bewussyn van die onderwyser in die bewussyn van die kind.²⁾

Bavinck wil dat twee dinge nie met mekaar verwar word nie: vir die natuurvorser is die natuur die regstreekse voorwerp van sy ondersoek, maar as hy onderwys, dan is die woord 'n onmisbare bron van kennis.

Die onderwyser het self ook sy kennis uit boeke verkry. As hy die kennis aan leerlinge medeel dan kan hy wel voorwerpe of afbeeldinge as hulpmiddel gebruik. Die ware kennis kom egter nie uit die voorwerpe en afbeeldinge voort nie maar uit die woord van die onderwyser. Die woord³⁾ is

1. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 212.

2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 146.

3. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 218.

vir Bavinck die hoofsaak, die vernaamste middel van onderwys, die eintlike bron van kennis vir die leerlinge in alle vakke wat aan hulle onderrig word.¹⁾ Die woord is: „drager van geestelijken inhoud, uitdrukking van gedachten, tolk van het zieleleven, verklaring der werkelijkheid.”²⁾

Daarom is dit vir Bavinck psigologies foutief dat die kind nie mag leer wat hy nie verstaan nie. Die geheue ontwikkel juis in die skooljare die meeste: as die oordeel dan later ontwikkel, kies dit uit die geheue die materiaal waarmee dit kan arbeid. Bybelse geskiedenis, tekste en Bybel-verse word op skool geleer sodat die kind, wanneer sy oordeel ontwikkel, materiaal tot sy beskikking het. Daarom vra Bavinck 'n ereplek vir die Christelike geloof³⁾ en dogma in die skole.⁴⁾ Dogma is geen skrikwoord nie; dit beteken: 'n objektief vasstaande waarheid wat die religie het soos elke wetenskap dit besit.⁵⁾ Op skool moet dit lewendig, bevatlik en konkreet, selfs aanskoulik onderwys word. Dit bly egter altyd dieselfde heilige, goddelike waarheid naamlik dat God bestaan, dat Hy barmhartig en regverdig is, dat ons sondaars is en straf verdien, dat Jesus gekom het om sondaars salig te maak. In die Bybel gee God aan ons aanskoulike onderwys in Sy dogmatiek.⁶⁾

(k) Die Eise van die Konsentrasie.

Dit is die taak van die leerplan en leergang om

-
- 1.a. Brederveld: Hoofdlinjen der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 67.
 - b. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 177.
 - c. Van Klinken: Bavinck's Paedagogische Beginselen, 37.
 - d. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 39.
 2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 148.
 3. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 210.
 4. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 151.
 5. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, I, 1 e.v.
 6. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 152.

harmonie te bring in die metode van onderwys. Omdat ons by die onderwys met baie faktore sowel van die kant van die leerstof as van die kant van die kind rekening moet hou, is die onderafdelinge van 'n leerplan en 'n leergang 'n moeilike werk.¹⁾

Reeds vir jare word aangedring op konsentrasie by die onderwys. Hiermee word bedoel om in die algemeen die onderwys om 'n bepaalde leerstof te groepeer waarby die ander vakke kan aansluit.

Bavinck wys op die volgende om die goeie wat in die konsentrasiegedagte opgesluit is, na vore te bring:

Eerstens bestaan 'n goeie konsentrasie daarin dat daar ooreenstemming moet bestaan tussen huis, kerk en skool.²⁾ Hierin lê die voordeel van die Christelike skool, aangesien die neutrale skool gedwonge is om die religieuse voorstellinge, wat by kinders so 'n verneme plek inneem, onbespreek en onaangeroerd te laat. Namate die neutrale rigting 'n vyandiger houding teenoor godsdiens en Christendom, kerk en belydenis aanneem, neem dit ook 'n vyandige houding teen die huisgesin aan wat dikwels die tradisie in ere hou.³⁾ Daar bestaan eenmaal die verskil: nie alleen in rang en stand nie maar ook op die gebied van godsdiens en belydenis. Die skool wat hom by die voorstellingswêreld van die kind moet aansluit, moet dus hierdie toestande wat die skool nie geskep het nie maar gevind het, eerbiedig en daarmee rekening hou. Kwaliteit en die opvoeding vir die „gehele“ jeug is nodig:⁴⁾ Dit is eenheid in die verskeidenheid.

-
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 160.
 2. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 112 - 132.
 3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 165 - 166.
 4. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 80 e.v.

Konsentrasie eis in die tweede plek dat al die onderwysvakke innerlik, organies verbonde moet wees. Slegs die Christendom kan so 'n organiese eenheid gee, omdat dit een sentrale waarheid besit.¹⁾ Hierdie waarheid deur God geskenk, is in die Heilige Skrif neergelê. Die Boek waarvan die waarde nooit geskat kan word nie, wys die weg tot die ewige lewe aan: daarom is dit 'n boek vir die kerk, die huisgesin en die skool. Godsdiensonderwys is daarom die siel van die onderwys en die organiserende krag van alle opvoeding.²⁾

Derdens moet elke vak afsonderlik in organiese samehang met die geheel van die leerstof onderwys word. Die onderwyser moet by die behandeling van elke deel van die leerstof die geheel voor die gees hê en in die lig van die geheel die onderdele onderwys. Hy moet ook wys op stof wat belangrik en ander wat minder belangrik is. Hoe beter die onderwyser in sy vak of vakke onderlê is en die verband daarvan met die res van die leerstof deursien, hoe meer kan hy die organiese eenheid tot sy reg laat kom en harmonie in die kennis van die kind bring.³⁾

In die vierde plek wil Bavinck dat die onderwys sigself organies op die hele kind met al sy vermoëns en kragte rig.⁴⁾ Die onderwys stel wel aan die kant van die leerstof die woord, en aan die kant die kind se kenvermoë op die voorgrond; maar die kenvermoë sluit meer as die verstand in: wie deur die kenvermoë die verstand ontwikkel, vorm ook die waarneming, verbeelding, geheue, herinnering, die rede en die gewete. Die kenvermoë staan ook nie afsonderlik nie, maar staan in organiese verband met die begeertermoë: dit gaan

-
1. Bavinck: De Navolging van Christus en Het Moderne Leven, 5.
 2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 169.
 3. Ibid., 170.
 4. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 232.

altyd vergesel van gevoel of begeerte van lus of onlus, van aandoening of hartstog in 'n swakker of sterker mate. Die ganse mens met al sy kragte moet aangegryp word. Daar is vir ons geen ander ingang tot die binnenste van die mens nie as deur sy bewussyn; deur hierdie poort trag ons om die binnekamer van die hart te bereik. Van die kant van die kind moet „eenige werkzaamheid“¹⁾ bykom. Die konsentrasie eis dus aan die subjektiewe kant van die onderwyser dat hy die kind altyd aktief by die onderwys moet laat optree. Verder eis dit selfwerkzaamheid en dus opmerkzaamheid.²⁾ Bavinck waarsku hier teen die opvatting dat 'n kind vir alles belangstelling toon, maar aan die ander kant is dit ook 'n fout om die leerstof net volgens die spontane belangstelling van die kind te bepaal. Die kind moet ook leer om hom besig te hou met dinge wat nie van nature sy belangstelling gaande maak nie. Want die leerstof staan bokant die kind en „om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer; om te luister beter as die vet van ramme.“³⁾

In die vyfde plek moet die onderwyser rekening hou met die ontwikkelingsperiode van die kind. Die psigologie kan hier waardevolle dienste bewys. Die eerste periode is dié waarin waarneming met sintuie 'n belangrike rol speel. Hierop volg die tweede waarin eers die verbeelding en geheue en daarna die verstand en rede tot ontwikkeling kom. Dit is 'n periode van spontaniteit waarin die kind na siel en liggaam eers die stof opneem, dan verwerk en dit uiteindelik sy geestelike eiendom maak. In die derde periode dring die begeervermoë op die voorgrond: neiginge om versamelde kennis

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 171.

2. Ibid., 172.

3. 1 Sam. 15:22.

produktief te maak, iets tot stand te bring, te ontwikkel.
Dit is 'n periode van aktiwiteit en produktiwiteit.

Die onderwys moet rekening hou daarmee dat die periodes nie streng geskei kan word nie.¹⁾ Met die eerste periode kom die deïktiese metode die beste ooreen (aanskoulike onderwys); met die tweede, die akroamatiese metode (deur verstaanbaar te maak wat die kind moet leer); met die derde, die eromatiese metode (deur die leerling op te wek tot self-arbeid deur die toepassing van wat hy geleer het).

„Of, om alles te herleiden tot die oude, schoone trilogie: „eerst de oratio, het biddend, kinderlijk ontvangen van wat God ons in zijne rijke wereld schenkt; dan de meditatio, het overdenken en bepeinzen van het wijsheid, die door ons wordt opgedaan; en ten slotte de tentatio, de beproeving, wat wij met de ons toebetrouwde talenten ten nutte van den naaste en voor Gods eere, in dit korte leven doen.“²⁾

By die konsentrasie is ook Bavinck se psigologie van besondere belang. Hy wil die hele mens opvoed net soos sy psigologie een geheel vorm. Daarby egter hou hy rekening met die ontwikkelingsperiodes van die kind. Sy mikpunt is eenheid, samehang en natuurlikheid.

(1) Opmerking.

(i) Rombouts wys met nadruk daarop dat Bavinck oor die metode van opvoeding wil handel en dan byna uitsluitlik oor die metode van onderrig skryf. Dit lyk vir hom haas onmoontlik: „als doel werd geformuleerd het vormen van „volmaakten," van „mensen God's," de godsdienstig-zedelijke natuur van de mens werd aangetoond uit de H. Schrift, en waar de methode besproken wordt, objectief en subjectief, daar verliest Schrijver het voornaamste, het vormen van mensen Gods, totaal uit het oog, om alleen zijn aandacht te schenken aan datgene wat voor de „toerusting tot alle goed werk" hierbeneden noodzakelijk of nuttig is.“³⁾

Hierdie skerp bewoording gaan verder deur te beweer

-
1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 135.
 2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 174.
 3. Rombouts: Prof. Dr. H. Bavinck, 29.

dat deur op die godsdiensonderwys nadruk te lê, Bavinck tog iets ten opsigte van die godsdienstig-sedelike opvoeding van die kind verrig. Verder beskuldig hy Bavinck **daarvan dat hy geen** Christelike pedagogiek gee nie maar alleen neutrale kultuur-pedagogiek.

|| Die ernstige beskuldiging bevat die waarheid dat Bavinck, behalwe in sy tugbeskouing (wat in hoofstuk XI handel word) aan die metode van opvoeding in sy „Paedagogische Beginselen" byna geen aandag skenk nie. Dit is 'n ernstige leemte in die werk. Dit vorm egter geen teenstelling nie, aangesien onderwys ook 'n deel van die opvoeding is, hoewel opvoeding veel meer omvat as onderwys.¹⁾

Die verklaring van hierdie leemte skyn daarin te lê dat Bavinck die waarde van die opvoeding buite die skool²⁾ en veral in die puberteitsjare ook besonder hoog skat soos ons later sal aantoon.³⁾ Verder moet ons daarop wys dat die „Paedagogische Beginselen" sy ontstaan te danke het aan 'n uitgebreide aantal lesings aan onderwysers; daarom is dit ook nie te verwonder dat die nadruk op die metode van onderwys val nie. Derdens het Bavinck teen die nuwe strominge geveg wat met sy realistiese leerstof en die heuristiese metode die eis van die leerstof by die kind wil aanpas.⁴⁾ Bavinck wil die dinge uit beginsel tot hul reg laat kom, nie dat sy metode juis beter was nie, aangesien hy teoretikus van die pedagogiek was en nie praktikus nie. Sy metode is nie sistematies genoeg nie.

Rombouts se tweede beskuldiging, naamlik dat ons

-
1. Sien Brederveld: Hoofdlinje der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 75.
 2. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 145 - 174.
 3. Sien hoofstuk XII.
 4. Sien Brederveld: Hoofdlinje der Paedagogiek van Prof. Dr. H. Bavinck, 75.

niks anders as kultuurpedagogiek vind nie, sluit nie in dat Bavinck slegs hierdie beginsels nastreef nie: tog het Bavinck hier 'n leemte gelaat.

(((ii) Bavinck wil die leerstof deur sy metode tot sy reg laat kom. Tog is daar in werklikheid by Bavinck weinig verband tussen sy doelstelling en metode van opvoeding. Die rede is waarskynlik daarin geleë dat die doelstelling te vaag is en te min rekening hou met die psigologiese sy van die opvoeding.¹⁾

(iii) Hoewel Bavinck baie goeie dinge in die nuwe metodes raaksien en waardeer, is hy hulle tog nie baie simpatiek gesind nie. Die akroamatiese metode waarby die onderwyser praat en verduidelik en waarby die kind luister, het sy voorliefde; afwyking hiervan bring hy in verband met die gesag en op grond daarvan veroordeel hy die afwyking. Die ander metodes het immers ook hulle besondere waarde.

(| (iv) Bavinck protesteer ten sterkste daarteen om die kind die maatstaf van die onderwys te maak en tog toon hy aan dat die religieuse onderwys juis in ooreenstemming is met die egte aard van die kind en dus aan hierdie maatstaf gemeet, goed is.²⁾

(v) 'n Mens kom ook soms onder die indruk dat Bavinck die uiterste gevalle van die nuwe teorieë raaksien - teorieë wat met elke stap in die praktyk nie alleen sal faal nie maar ook „lawaai-makend," is.³⁾

(vi) Tog sien Bavinck goeie eienskappe in die nuwere rigtings van die pedagogiek en sy metodes en daarvan wil hy met dank en waardering gebruik maak.

1. Sien Brederveld: Hoofdlijnen der Paedagogiek van Prof. Dr. H. Bavinck, 76.

2. Ibid., 85.

3. Ibid.

(m) Samevatting.

(i) Metode is vir Bavinck die weg wat die opvoeder moet volg om die uitgangspunt en die doel by die opvoeding met mekaar te verbind. Die metode moet analities en sinteties wees, omdat beide die uitgangspunt en die doel in die oog hou.

(ii) Bavinck onderskei drie besondere metodes: die deïktiese, die akroamatiese en die eromatiese metode.

(iii) Vir die akroamatiese metode, waarby die onderwyser spreek, beskryf, vergelyk, ophelder, dikteer of voorlees, terwyl die leerling luister, toon Bavinck 'n besondere voorliefde.

(iv) Die metode word ook deur die kind bepaal; hy deurloop psigologies 'n bepaalde ontwikkelingsgang wat dit nodig maak dat die metode by hom aangepas moet word.

(v) Bavinck bestry die metode van die aanskouing met die oog en stel in die plek daarvan die aansluiting deur alle sin-tuie.

(vi) Hy aanvaar dit dat die kind in die voorskoolse tydperk beter leer deur aanskouing met die oog; die ander sin-tuie help egter mee om die kind se voorstellingswêreld te verryk.

(vii) Die woord is vir Bavinck die vernaamste middel van onderwys: die eintlike bron van kennis vir leerlinge in alle valke. Die woordmetode is dus sy hoofmetode.

(viii) Aangesien die kind se geheue in die skooljare die grootste ontwikkeling ondergaan, volg dit vir Bavinck, vanuit sy psigologiese standpunt, as vanselfsprekend dat die kind feite en ander materiaal moet memoriseer. Daardeur oefen hy die geheue en versamel hy materiaal waarmee die verstand later kan arbeid.

(ix) Aansluitende by sy psigologiese opvatting om die „hele mens" op te voed, wil Bavinck ook konsentrasie by die onderwys hê: die onderwys moet in die algemeen om bepaalde leerstof groepeer. Hierby moet ander vakke aansluit. Daar moet ooreenstemming bestaan tussen huis, kerk en skool; die onderwysvakke moet innerlik, organies verbonde wees; elke vak moet afsonderlik in organiese samehang met die geheel van die leerstof onderwys word en die onderwys moet hom rig op die gehele kind met al sy vermoëns en kragte.

(x) Uit die psigologie leer Bavinck dat die kind eers met sintuie waarneem, daarna ontwikkel die verbeelding en geheue, verstand en rede en later dring die begeervermoë na vore. By die verskeie periodes wat nie streng geskei kan word nie, moet verskillende passende metodes aangewend word.

(xi) Bavinck se metode van opvoeding stel teleur nadat hy sy doelstelling en uitgangspunt so mooi en idealisties gestel het: hy gee meer 'n metode van onderwys as 'n metode van opvoeding.